| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | [redacted] / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Hooggeregshof, Kimberley)

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **1763 / 2008** |
| Datum verhoor: / Date heard: | 22 / 05 / 2009 |
| Datum gelewer: / Date delivered: | 29 / 05 / 2009 |

In die aansoek van:

**PHILIPPUS JOHANNES BOTHA** **Applikant**

en

**PIETER JOHANNES VAN ZYL** **Eerste Respondent**
**VENTERSDAM BOERDERY BK** **Tweede Respondent**

*Coram:* Lacock R

## UITSPRAAK

**LACOCK R:**

[1] Die Applikant en die Eerste Respondent is die enigste twee lede van die Tweede Respondent, 'n Beslote Korporasie, wat die eienaar is van die plaas Ventersdam, Nr. 28, Afdeling Britstown, asook die vee waarmee op hierdie eiendom geboer word en enkele ander boerdery bates. Dit is

gemeensaak, en blyk ook uit die finansiële state van die Tweede Respondent, dat die Tweede Respondent finansieel gesond is, dat sy bates sy laste by verre oorskry en dat die sake van die Tweede Respondent (veeboerdery) winsgewend bedryf word.

[2] Die Applikant, vir redes waarmee meer breedvoerig hieronder gehandel word, wens om sy bande met die Eerste Respondent, sy stiefbroer, en die Tweede Respondent te verbreek, en om nie langer 'n lid van die Tweede Respondent te wees nie. Vir daardie rede doen die Applikant aansoek vir die likwidasie van die Tweede Respondent, en grond hy die aansoek op die voorskrifte van Artikel 68(d) van die Wet op Beslote Korporasies, Nr. 69 van 1984 (die Wet) en wat as volg lees:-

"*'n Korporasie kan deur 'n Hof gelikwideer word, indien-*

*a) …*

*b) …*

*c) …*

d) *die Hof op aansoek van oordeel is dat dit reg en billik is dat die korporasie gelikwideer word."*

Die Eerste Respondent opponeer die aansoek vir die redes waarmee eweneens hieronder gehandel word.

## AGTERGROND

[3] Die Applikant grond sy aansoek primêr daarop dat daar "*'n geweldige spanningsvolle situasie*" tussen sy gesin, sy ouers en die Eerste Respondent ontstaan het wat verdere samewerking tussen hom en die Eerste Respondent onhoudbaar maak. Ten einde hierdie familie verhoudinge, of liewer wanverhoudinge, beter te verstaan, is dit nodig om redelik volledig te handel met die agtergrond wat gelei het tot die loods van hierdie aansoek.

[4] Voordat die likwidasie aansoek uitgereik was, het die Applikant, sy vrou en sy skoonvader onder saaknommer 1517/2008 as Applikante aansoek gedoen vir, onder andere, die volgende regshulp teen die ouers van die Applikant, mnr. en mev. Pieter en Gloudina Botha van die plaas Kareehoek, Britstown, as Respondente, naamlik:-

> "*1. Wat Eerste Respondent verbied om Eerste Applikant aan te rand;*
>
> *2. Wat Eerste en Tweede Respondente verbied om op enige wyse met Eerste tot Derde Applikante kontak te maak en om hul te verbied om enige ander lede van die familie op te sweep teen Eerste en Tweede Applikante en om op enige wyse hoegenaamd druk op hul toe te pas;*
>
> *3. Wat Eerste en Tweede Respondente verbied om enige vertroulike inligting te bekom ten opsigte van Derde Applikant en/of op enige wyse Derde Applikant se reg op privaatheid te skend;*

4. *Wat Eerste en Tweede Respondente gelas om slegs deur middel van die partye se prokureurs van rekord met Eerste tot Derde Applikante te skakel indien nodig;"*

Hierdie aansoek was gegrond op, onder andere, die volgende tersaaklike beweringe van die Applikant en sy eggenote, te wete:-

4.1 dat die vader van die Applikant 'n uiters vermoënde man is wat boerdery aktiwiteite in sy eie naam en/of deur middel van entiteite onder sy beheer bedryf op verskeie plase van ongeveer 70 000 hektare;

4.2 dat die Applikant ná sy tersiêre opleiding gedurende Februarie 2004 in sy vader se diens getree het as bestuurder van sy boerderybelange;

4.3 dat, na sy huwelik, hy en sy eggenote 'n woonhuis geleë ongeveer 50 meter van die woonhuis van sy ouers betrek het;

4.4 dat sy vader 'n aggressiewe, temperamentele, impulsiewe, manipulerende en onsensitiewe persoon is;

4.5 dat sy vader gedurende 2003 sy een stiefbroer (die broer van die Eerste Respondent in die likwidasie aansoek en wat ook vir sy vader gewerk het) van die plaas weggejaag het;

4.6 dat struwelinge telkemale tussen hom en sy vader ontstaan het en waartydens sy vader hom by geleenthede van die plaas weggejaag het, net om later weer, na sy bui gesak het, hom weer versoek het om aan te bly;

4.7 dat hierdie uitbarstings van sy vader sy eggenote, en wie in 'n huis van liefde, vrede en omgee grootgeword het, sielkundig geweldig ontstel het, tot só 'n mate dat sy sielkundige behandeling moes ondergaan en by geleenthede selfs gepoog het om haar eie lewe te neem;

4.8 dat die verhouding tussen hom en sy vader breekpunt bereik het toe hy gedurende April 2008, en terwyl hy sy vrou in Bloemfontein bygestaan het waar sy psigiatriese hulp ontvang het, verneem het dat sy vader sy vrou se hond wat na bewering skape sou gebyt het, doodgeskiet het. Hy is van Bloemfontein na die plaas, waar 'n woordewisseling weereens tussen hom en sy vader ontstaan het, sy vader hom aangerand het deur hom deur sy gesig te klap, en hom gelas het om die plaas te verlaat. Selfs toe die Applikant poog om met sy voertuig te ry, het sy vader die voertuig met 'n klip beskadig;

4.9 dat die Applikant en sy eggenote kort hierna die plaas van sy vader verlaat het, hy sy dienste by sy vader beëindig het en het hulle hul intrek geneem by sy skoonouers te Bonnievale.

[5] Hoewel die vader van die Applikant ontken het dat hy 'n moeilike persoon is en ook dat hy die stiefbroer, Johan, van die plaas weggejaag het, het laasgenoemde in 'n eedsverklaring bevestig dat sy stiefvader hom inderdaad van die plaas weggejaag het omdat hy hom nooit as kind in sy huis kon aanvaar nie, en trouens, voortdurend na hom verwys het as "*'n ander sleg etter se kind.*"

Dat die vader van die Applikant geensins die beheersde en sensitiewe persoon is wat hy in sy opponerende verklaring probeer voorgee het nie, blyk uit die inhoud van 'n bandopname wat die Applikant gemaak het van 'n telefoniese gesprek tussen hom en sy vader nadat hy en sy gesin reeds die plaas verlaat het. Tydens hierdie gesprek het die vader van die Applikant, onder andere, die volgende teenoor die Applikant kwytgeraak:-

S: "*Uhm ek sê ek sê ek glo nie meer wat Pa-hulle sê nie want uhm Pa sê Loudine...*

P: *Ek glo nie. Is jou f....n skoonma man. Jy glo net jou blik..... skoonma. Dis al wat jy glo."*

.....

S: *"Pa jok ja. Ek het met Pieter gepraat Saterdag.*

P: *Waar was Loudine toe?*

S: *Nee, toe sê Pieter hy het nie die goed by hom nie.*

P: *My f.k man my J....s man, wil jy sê waar was Loudine."*

....

S: *"Jok Pieter? Pieter sê Loudine was nie daar nie.*

P: *Moenie vir my sê ek f....n lieg nie. Jy lieg man. Jy dreig vir Pieter met 'n f....n advokaat wat 'n f....n bandopname het. Laat hy hom gee dan sal ek jou wys wat maak en met hom. Dat ek hom wys hoe f.k ek hom op. Jy kan my ek hom wys dat ek hom opf.k. Dan f.k ek julle almal op. Jy lieg net so. Zané makeer f....l.*

S: *Is dit so?*

P: *F....l sê ek jou. Ja, is so.*

S: *Huh?*

P: *Jy moet met my hardegat wees dan wys ek vir jou. Ons gaan nou f....n sien.*
*Jou ma f....l makeer?*
*Toe Zané in intensief lé toe't Zané f....l makeer nie.*
*Nee maar God hoe sê jy dan vir my ek makeer f....l en jou ma makeer f....l. Hoe weet jy jou ma makeer f....l? Huh? Kom kom ry af en kyk waar lê sy nou.*

S: *Dit is deur Pa wat sy daar lê.*

P: *Jou f....n gat man.*

S: *Dit is.*

P: *Wat het ek vir haar gemaak? Dis jy man. Jou f.....n skoonma. Hier was nie 'n f....n ding fout tot sy opgedaag het nie. Nie 'n f....n ding nie. Nie 'n f....n ding nie.*

S: *Daar is al lankal fout. Julle wil net nooit erken het nie.*

P: *K.k jou gat man, jy't dit nooit gesê nie. Zané het nooit swaar gekry nie, nie een dag op hierdie plaas nie."*

.....

P: "*Jy kan jou f....n hardegatheid los pappa.*

S: *Glo vir my, as Pa aangaan met Pa se stront nê kry ek 'n hofinterdik en ek belowe dit vir pa.*

P: *Kry vir my 'n hofinterdik. Kry hom, kry hom sommer nou. Ek daag jou uit.*

S: *En dan?*

P: *Ek f....n ek daag jou uit kry hom. Kry 'n hofinterdik, kry hom, kry hom, kry hom vir my die hele f.....n land. Laat my toesluit ek daag jou uit, ek daag jou f....n uit."*

....

S: "*Ek het met Pieter gepraat oor Ventersdal en ek het vir Pieter gesê hy moet my deel huur want dit gaan beter wees. Ek het lank met Pieter gepraat. Ventersdal het anyway niks met Pa te maak nie. Loudine het ook niks te maak nie.*

P: *Waar't jy hom gekry?*

S: *Ek het uhm ek het*

P: *Waar het jy Ventersdal gekry?*

S: *Pa, wat bedoel Pa waar het ek Ventersdal gekry?*

P: *Waar het jy hom gekry?*

S: *Ek het hom nie gevra nie.*

P: *Huh?*

S: *Ek het hom by Pa gekry maar ek het hom nie gevra nie.*

P: *Jy's 'n vermetelde klein blik... maar jy sal sien wat ek met jou maak, met daai skoonma van jou. Sê vir haar ek gaan haar f....n breek ek sê jou. Ek's nie f....n Oupa Dirk nie, wat hulle toegesluit het daar nie. Dis nie oupa Dirk nie, jy kan maar onthou.*

S: *Dis die enigste mense wat ander mense omgee is mense wat liefde gee.*

P: *K.k, se gat. Liefde se gat man. Liefde se gat. Jy is f....n onnosel man.*

S: *Huh?*

P: *En jou ma f....n lê daar en nou f....n sê jy dis my skuld.*

S: *Dit is Pa se skuld.*

P: *Se f....n gat man. Dis nie my f....n skuld nie.*

S: *Dit is Pa se skuld.*

P: *Wat het ek gemaak?*

S: *Dis Pa wat haar so druk met alles en ons uhm vandat ek al daar was man. Pa druk vir Ma met als. Pa vloek en skel vir Ma als soos 'n ander man se sleg etters wat jy grootmaak als. Dink Pa Ma kan dit hou?*

P: *O, jy wil hul grootmaak?*

S: *As ek 'n vrou gevat het wat ek geweet het twee kinders het*

P: *Ag man jy het 'n bliksem gevat. Jy het 'n bliksem gevat."*

[6] Die agressie, woede en totale onsensitiwiteit wat die vader van die Applikant hierin teenoor die Applikant, sy eggenote (Zané) en skoonmoeder openbaar, spreek vir sigself.

[7] Dit was dan ook geen verrassing nie dat die ouers van die Applikant in die interdik aansoek, en wat ook op dieselfde dag as die likwidasie aansoek voor my gedien het, hul opponering van daardie aansoek laat vaar het en toegestem het tot 'n finale bevel en aangebied het om die koste van die aansoek te betaal.

[8] Die rede waarom ek na die inhoud van die interdik aansoek verwys het, is omdat die inhoud van daardie aansoek by die likwidasie aansoek geïnkorporeer is, en die wanverhouding tussen die Applikant en sy vader 'n belangrike rol speel in die verhouding tussen die Applikant en die Eerste Respondent, en soos hieronder aangetoon.

**BESPREKING**

[9] Die Applikant beweer dat die gespanne verhouding tussen homself en die Eerste Respondent ontstaan het omdat die Eerste Respondent hom aan die kant van hul vader skaar. Hierdie gespanne verhouding word deur die Eerste Respondent erken, maar ontken hy dat hierdie spanning gelei het daartoe dat daar 'n sogenaamde skaakmat situasie ontstaan het tussen hulle as lede van die Tweede Respondent wat tot nadeel van die Tweede Respondent strek of dat dit die bestuur van die sake van die Tweede

Respondent nadelig tref. In hierdie verband beweer die Eerste Respondent dat:-

9.1 die Applikant nog nooit gemoeid was met die bestuur van die boederybelange van die Tweede Respondent nie;

9.2 hy (die Eerste Respondent) die sake en bestuur van die Tweede Respondent alleen behartig;

9.3 die Applikant nog nooit en selfs nie in hierdie aansoek te kenne gegee het dat hy ongelukkig is met die wyse waarop die Eerste Respondent die sake van die Tweede Respondent bestuur nie;

9.4 in soverre die Applikant hom wantrou met die bestuur van die Tweede Respondent, daardie wantroue alleen kom vanaf die kant van die Applikant;

9.5 die Applikant in ieder geval volle toegang het tot alle boeke, rekeninge en state van die Tweede Respondent; en

9.6 die wanverhouding wat tussen die Applikant en hul vader bestaan, nie die bestuur van die sake van die Tweede Respondent tot nadeel strek nie.

Op grond van die voorgaande voer die Eerste Respondent gevolglik aan dat dit nie reg en billik sal wees om die Tweede Respondent te likwideer nie.

[10] Ek meen dat Adv. Van Niekerk SC korrek is in sy submissie dat in hierdie saak aanvaar moet word dat hier nie sprake is van 'n tipiese skaakmat situasie, behalwe soos hieronder aangetoon, tussen die lede van die Tweede Respondent en wat al dikwels gelei het tot die likwidasie van 'n beslote korporasie nie. Sien hieraangaande **Kanakia v Ritzshelf 1004 CC t/a Passage to India & Another**, 2003 (2) SA 34 (D en K).

[11] Na my mening egter is die aanwesigheid van 'n skaakmat situasie ("*deadlock*") nie 'n noodwendige voorvereiste vir die uitoefening deur 'n Hof van sy diskresie ontleen aan die voorskrifte van Artikel 68(d) van die Wet nie. Hoewel 'n skaakmat situasie 'n belangrike oorweging en selfs in gepaste gevalle deurslaggewend kan wees, bied hierdie statutêre voorskrif 'n uiters wye en ongebonde diskresie aan 'n Hof om wat hy as reg en billik bevind, 'n beslote korporasie te likwideer. Uiteraard moet sodanige diskresie regtens verantwoordbaar uitgeoefen word.

Dit is geykte reg dat dieselfde beginsels toepaslik op Artikel 344(h) van die Maatskappyewet, Nr. 61 van 1973 en dié

toepaslik op die ontbinding van vennootskappe van toepassing is op beslote korporasies in soverre dit slaan op die begrip "*reg en billik*" vervat in Artikel 68(d) van die Wet. **Kanakia vs Ritzshelf 1004 CC t/a Passage to India (supra)** te 45A tot D.

In **Moosa, N.O. v Mavjee Bhawan (Pty) Ltd and Another** 1967 (3) SA 131 (TPA) het die Hof gehandel met 'n aansoek onder Artikel 111(g) van die Maatskappyewet van 1926 vir die likwidasie van 'n maatskappy op grond daarvan dat dit "*reg en billik*" sou wees om die maatskappy te likwideer. Vanaf bladsy 136G handel die Hof met die algemene beginsels toepaslik op hierdie begrip, en haal, onder andere, met goedkeuring, die volgende passasie aan uit 'n artikel van B.H. McPherson wat verskyn het in Volume 27 (1964) Modern Law Reviews 282, naamlik:-

"*There are in fact two principles which guide the Court in exercising its discretion to wind up a domestic company of this kind: the first is that enunciated by Lord SHAW in* ***Loch v John Blackwood Ltd***.*; the second derives from* ***Re Yenidje Tobacco***, *where the majority of the Court treated as the controlling consideration* <u>*the absence of any hope of reconciliation and friendly co-operation between the members in the future*</u>. *And these two principles are sufficiently distinct to make it possible for a member of a domestic company, who cannot bring his case within the first principle, nevertheless to succeed by basing it upon the second.*" (my nadruk)

Die eerste beginsel waarna hierin verwys word in die Loch-saak is as volg deur Lord Shaw uitgedruk:-

> "*justifiable lack of confidence in the conduct and management of the company's affairs... grounded on conduct of the directors, not in regard to their private life or affairs, but in regard to the company's business.*"

Ook in **Erasmus v Pentamed Investments (Pty) Ltd** 1982 (1) SA 178 (WPA) het Nestadt, R (soos hy toe was) breedvoerig die betekenis van die woorde "*reg en billik*" soos dit gebesig word in Artikel 344(h) van die 1973 Maatskappyewet, ontleed (te 181 en verder). Op bladsy 184 C tot E haal hy met goedkeuring onder andere die volgende aan uit die saak van **Ebrahim v Westbourne Galleries Ltd** 1973 AC 360 (HL) te 379 E tot H:-

> "*The superimposition of equitable considerations requires something more, which typically may include one, or probably more of the following elements: (i) an association formed or continued on the basis of a personal relationship, involving mutual confidence – this element will often be found where a pre-existing partnership has been converted into a limited company; (ii) an agreement, or understanding, that all, or some (for there may be 'sleeping' members), of the shareholders shall participate in the conduct of the business; (iii) <u>restriction upon the transfer of the members' interest in the company – so that if confidence is lost</u>, or one member is removed from management, <u>he cannot take out his stake and go elsewhere</u>. It is these, and analogous, factors which may bring into play the just and equitable clause, and they do so directly, through the force of the words themselves.*" (my nadruk)

Op bladsy 182 H onderskryf Nestadt, R dan ook die beginsels waarna verwys is deur McPherson en soos hierbo aangehaal.

**BEVINDING**

[12] Op grond van wat hieronder volg, is ek daarvan oortuig dat die Applikant op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys het dat dit reg en billik sal wees dat die Tweede Respondent gelikwideer word. Hierdie bevinding is primêr geskoei op die tweede beginsel waarna McPherson (supra) verwys.

[13] Dit is gemeensaak dat daar geen samewerkingsooreenkoms tussen die lede van die Tweede Respondent bestaan nie.

[14] Die Applikant het, om verstaanbare redes, alle bande met sy ouers, en meer bepaald sy vader, verbreek en wil geensins meer met hulle en, daarmee gepaardgaande, die plaas waar sy ouers woon, assosieer nie. (Sien die bevel in saaknommer 1517/2008). Hierdie besluit en die stappe wat die Applikant geneem het om dit te verwesenlik, het hy geneem terdeë bewus daarvan dat dit waarskynlik daartoe sal lei dat hy deur sy ouers onterf sal word. Die Applikant se beweringe dat hierdie wanverhouding met sy vader ook tot gevolg het dat 'n wanverhouding ontstaan het tussen homself en die Eerste Respondent, vind ek, ten spyte van die ontkenning daarvan deur die Eerste Respondent, op waarskynlikhede, gegrond te wees.

14.1 Die Eerste Respondent het beweer dat die vader van die Applikant vir hom en sy broer, Johan, "*te alle tye hanteer het asof ons sy eie kinders is*"; dat die vader nie 'n moeilike man is nie en ontken dat hy die lewe vir die Applikant en sy eggenote onhoudbaar gemaak het; en dat hy nie "*kant kies*" tussen die Applikant en hul vader nie. In die lig van wat reeds hierbo vermeld is aangaande die persoonlikheid van die vader, die bevel wat met toestemming verleen is in die interdik aansoek, en gesien die inhoud van die eedsverklaring van sy broer, Johan, blyk dit dat die Eerste Respondent geensins oop kaarte hieraangaande met die Hof gespeel het nie. Die afleiding is onafwendbaar dat hy hom inderdaad aan die kant van hul vader geskaar het, en gepoog het om die Applikant tot 'n leuenaar te maak waar laasgenoemde die teendeel beweer het.

14.2 Ek moet nie verstaan word dat ek die Eerste Respondent verkwalik dat hy hom by sy stiefvader skaar nie. Dit is immers sy goeie reg. Waaroor dit gaan, is die verhouding tussen die Applikant en die Eerste Respondent en die duidelike impak wat die wanverhouding tussen die Applikant en sy vader op daardie verhouding het.

14.3 Die afleiding is onafwendbaar dat die familie as't ware in twee kampe verdeel is: aan die een kant is daar die twee seuns (die Applikant en Johan) wat deur hul vader van sy eiendom verjaag is en wat geensins met hul vader kontak meer het of wil hê nie; en aan die ander kant is daar die ouers en die Eerste Respondent wat steeds saam boer en op van die familie eiendomme woonagtig is. Afgesien daarvan dat die Eerste Respondent die boerdery van die Tweede Respondent behartig, is hy ook nog in diens van sy stiefpa en/of sy boerdery entiteite. Dit is dus te begrepe dat hy in konflik situasies hom by sy stiefpa sal skaar.

[15] Hoewel ek vir doeleindes van hierdie aansoek aanvaar dat die Applikant, voordat hy sy ouers se plaas verlaat het, nie gemoeid was met die bestuur van die boerdery van die Tweede Respondent nie, blyk dit gemeensaak te wees dat beide die Applikant en die Eerste Respondent in diens was van die oorhoofse boerdery entiteit van hul vader, en dat die boerderysake van hul vader, sy entiteite en ook dié van die Tweede Respondent deur hul al drie as 'n familiebesigheid bedryf is. Elkeen het ooglopend gedoen wat hul vader of moontlik hulle al drie saam beplan en besluit het. Noudat die Applikant nie meer deel van die boerdery in die breë is nie, volg dit net logies dat hy inspraak in die belange en bestuur van die Tweede Respondent sal wil hê. Gesien die

wantroue en/of spanning tussen die Applikant en die Eerste Respondent, stuur hierdie toedrag van sake duidelik op 'n ramp af.

[16] Wat hierdie "ramp" meer waarskynlik maak is die feit dat die Tweede Respondent byvoorbeeld geen eie arbeiders in diens het nie, maar word gebruik gemaak van die arbeiders van die vader van die Applikant of een van sy entiteite. Duidelik is die omstandighede wat heers tussen die Tweede Respondent en die vader van die Applikant en/of sy boedery entiteite so ineengestrengel dat dit geensins van die Applikant verwag kan word om – weens die wanverhouding met sy vader – enigsins betrokke te raak in die bedryf van die Tweede Respondent se sake nie, selfs al sou die Eerste Respondent hom daartoe toelaat. Die Applikant het immers beweer dat sy vader by geleentheid gedreig het om hom te skiet.

[17] Nadat die Applikant besluit het om sy bande met sy vader en die Respondente te verbreek, het hy verskeie pogings aangewend om met die Eerste Respondent 'n ooreenkoms te bereik ter ontdaning van homself aan die Tweede Respondent.

17.1 Eerstens het die Applikant gepoog om 'n samewerkingsooreenkoms met die Eerste Respondent

te sluit tot die effek dat die Eerste Respondent sy belang in die plaas en die vee van hom huur. Die Eerste Respondent het nie hierin belanggestel nie omdat, soos hy dit stel, die grond en die vee aan die Tweede Respondent behoort.

17.2 Hierna het die Applikant die Eerste Respondent versoek om sy belang aan hom (die Applikant) te verkoop. Hiervoor was die Tweede Respondent nie te vinde nie.

17.3 Laastens het die Applikant aan die Tweede Respondent voorgestel dat laasgenoemde sy belang by hom koop, en het hy teenoor die Tweede Respondent aangedui wat hy meen sy belang werd is. Ook hiervoor was die Eerste Respondent nie te vinde nie.

17.4 Op 22 September 2008 stuur die Applikant die volgende skrywe aan die Eerste Respondent:-

"*Meneer*

***i/s: Ventersdam***

*Na vele mondelingse versoeke aan u die afgelope 6 weke, rondom voorstelle hoe om Vensterdam BK op 'n meer formele en ekonomiese basis te bedryf, het ek tot dusver geen reaksie gekry nie.*

*Ek het dus geen ander uitweg as om formeel en daadwerklik op te tree nie.*

*My aanbod is dat u my helfte koop, teen R1150.00 per hektaar, as 'n lopende saak, soos reeds aan u aangebied.*

*Ek soek 'n skriftelike antwoord binne 7 dae na datum van hierdie brief, by versuim sal ek voortgaan om met potensiële kopers wat reeds belangstel te onderhandel, om my gedeelte te koop.*
*Ek wil nie my tot die uiterste wend nie, maar as 'n dooie punt in die verband bereik word, kan ek ook as lid oorweeg om die BK onder likwidasie te plaas."*

Die brief was gerig aan die ouditeure waar die eggenote van die Eerste Respondent werksaam was, maar was duidelik bedoel vir die Eerste Respondent en is ook in die dekbrief van die e-pos gemerk vir aandag Mev. Van Zyl. Ten spyte daarvan dat die brief onder die Eerste Respondent se aandag gekom het, het hy in sy eie woorde, "*nie op die skrywe gereageer nie omdat dit nie aan my geaddresseer was nie*". Nietemin het die Eerste Respondent op 'n stadium die Applikant gewaarsku dat hy nie sy belang kan verkoop sonder sy (die Eerste Respondent se) toestemming nie.

17.5 Hierdie houding van die Eerste Respondent spreek myns insiens van sy onwilligheid om enigsins te poog om tot 'n vergelyk te kom met die Applikant om óf 'n samewerkingsooreenkoms met hom te sluit óf om op 'n ander wyse mee te werk tot 'n oplossing waarop die Applikant sy lidmaatskap van die Tweede Respondent kon beëindig. Trouens, tot en met die aanhoor van hierdie aansoek het die Eerste Respondent nog

geensins, ten spyte daarvan dat hy nie bereid is om sy belang aan die Applikant te verkoop nie en ten spyte daarvan dat hy aangedui het dat hy sou belangstel om die Applikant se belang te koop, 'n teenaanbod aan die Applikant gemaak vir wat hy meen laasgenoemde se belang werd is nie. Hierdie onredelike en onverkwiklike houding van die Eerste Respondent is alles behalwe 'n resep vir goeie verhoudinge en samewerking tussen die partye as lede van die Tweede Respondent. In hierdie eng sin bestaan daar 'n skaakmat situasie tussen die Applikant en die Eerste Respondent.

[18] Voorts is dit duidelik dat die vertrouensverhouding tussen die partye sodanig verbrokkel het dat hulle slegs deur middel van hul onderskeie prokureurs met mekaar korrespondeer.

[19] Soos reeds vermeld, stel die Applikant geensins verder daarin belang om met die Eerste Respondent as lid van die Tweede Respondent te assosieer nie. Afgesien daarvan dat hy met die finansiële hulp van sy vader sy belang in die Tweede Respondent bekom het, is hy tans de jure 'n lid van die Tweede Respondent met alle statutêre en finansiële risiko's wat daaraan kleef. Om hom die regshulp soos versoek te weier, sal daarop neerkom dat hy teen sy eie wil gedwing word om aan te bly as lid van die Tweede Respondent en om te deel in die bedryf van die Tweede

Respondent. Dit, so kom dit my voor, sal indruis teen die Applikant se fundamentele reg op sy vrye keuse van bedryf, okkupasie en professie soos verskans in Artikel 22 van die Konstitusie.

[20] Duidelik is hier 'n wesenlike geskil tussen die Applikant en die Eerste Respondent aangaande die waarde van die Applikant se belang in die Tweede Respondent. Die Eerste Respondent beweer dat die waarde wat die Applikant daarop plaas, buitensporig is. Die Eerste Respondent het geen teenaanbod ter oorweging aan die Applikant gemaak nie. Na my mening sal 'n likwidasieproses verseker dat 'n markverwante waarde of selfs moontlik 'n minder as markverwante waarde bepaal of gerealiseer kan word vir die belang van die Applikant. In sodanige geval sal dit steeds die Eerste Respondent in staat stel om die belang van die Applikant te bekom teen 'n sodanige waarde, indien hy dit verkies, en sal likwidasie tot gevolg hê dat hy nie 'n buitensporige of willekeurige prys betaal vir die belang van die Applikant nie. Op hierdie wyse sal ook reg en billikheid teenoor die Eerste Respondent geskied.

[21] Laastens is dit ook van belang om aan te merk dat die Applikant, myns insiens, nie blameer kan word vir die wanverhouding wat tussen hom en die Eerste Respondent ontstaan het nie. Hierdie wanverhouding het duidelik sy

oorsprong in die onverkwiklike wyse waarop die vader van die Applikant hom teenoor die Applikant gedra, en die daaruitvoortspruitende verval van die verhouding tussen die Applikant en die Eerste Respondent.

**DIE ARTIKEL 36 ARGUMENT**

[22] Adv. Van Niekerk argumenteer dat die Applikant 'n alternatiewe remedie tot sy beskikking gehad het, naamlik die prosedure geskep in Artikel 36 van die Wet. Indien hierdie prosedure gevolg was, aldus die argument, kon likwidasie van die Tweede Respondent vermy gewees het, en sou dit nie 'n einde gebring het aan 'n andersins winsgewende onderneming nie. Om hierdie rede, so doen Adv. Van Niekerk verder aan die hand, behoort die aansoek met koste afgewys te word. Artikel 36 van die Wet lees as volg:-

"*(1) Op aansoek van 'n lid van 'n korporasie kan 'n Hof op een of meer van die volgende gronde beveel dat enige lid ophou om 'n lid van die korporasie te wees:*

*(a) Behoudens die bepalings van die samewerkingsooreenkoms (as daar is), dat die lid blywend onbekwaam is, as gevolg van kranksinnigheid of om 'n ander rede, om sy of haar deel by te dra tot die dryf van die besigheid van die korporasie;*

*(b) dat die lid hom of haar skuldig gemaak het aan optrede wat, met inagneming van die aard van die besigheid van die korporasie, waarskynlik 'n nadelige uitwerking op die dryf van 'n besigheid sal hê;*

(c) *dat die lid homself of haarself op so 'n wyse met betrekking tot die besigheid van die korporasie gedra dat dit nie vir die ander lid of lede redelikerwys moontlik is om die besigheid van die korporasie saam met hom of haar te dryf nie; of*

(d) *dat omstandighede ontstaan het wat dit reg en billik maak dat sodanige lid behoort op te hou om 'n lid van die korporasie te wees:*

*Met dien verstande dat so 'n aansoek by 'n Hof op 'n grond in paragraaf (a) of (d) genoem, ook gemaak kan word deur 'n lid met betrekking tot wie die bevel van toepassing sal wees.*

*(2) 'n Hof wat 'n bevel ingevolge subartikel (1) maak, kan die verdere bevele wat hy of sy goeddink, maak in verband met-*

(a) *die verkryging van die betrokke ledebelang deur die korporasie of deur ander lede as die betrokke lid;*

(b) *die bedrae (as daar is) wat betaal moet word ten opsigte van die betrokke ledebelang of die eise teen die korporasie van daardie lid, die wyse en tye van sodanige betalings en die persone aan wie dit gemaak moet word; of*

(c) *enige ander aangeleentheid betreffende die beëindiging van lidmaatskap wat die Hof goeddink."*

[23] Die eerste antwoord op hierdie argument meen ek is daarin geleë dat hierdie sogenaamde verweer nooit in die stukke deur die Eerste Respondent geopper was nie. Indien dit as 'n verweer geopper was, kon die Applikant redes aangevoer het waarom hy meen dat 'n aansoek onder Artikel 36(1)(d) – synde die Artikel waarop Adv. Van Niekerk hom beroep – nie deugdelik sou wees nie. Die Eerste Respondent homself het ook geen redes aangevoer waarom hierdie prosedure die aangewese sou wees nie.

Op grond hiervan alleen meen ek dat die Eerste Respondent ***estop*** is om nou in argument vir die eerste keer hierdie verweer te opper. Hierdie is nie 'n suiwer regsargument nie, maar verg oorweging van feitelike omstandighede. In die afwesigheid van enige sodanige feitelike omstandighede en 'n geleentheid om daarop te antwoord, meen ek dat die Eerste Respondent hom nie nou op hierdie argument kan beroep nie. Sien Harms, **"Civil Procedure in the Supreme Court**":-

"***Legal contentions****: It is not necessary for a respondent who files affidavits on the merits to set out legal contentions and he is free to argue any point of law open on the facts. This is subject to the requirement that the applicant must know what case to meet in preparing the replying affidavit.*" (my nadruk)

(te B6.34);

**Naude & Another v Fraser** 1998 (4) SA 539 (A) te 563 D tot 564 A:-

*"As regards the second point, if Fraser is allowed to raise his contention that he had a right under reg 4(1) (assuming now that he had such a right) for the first time after the adoption proceedings have been concluded, there is, to my mind, a real danger that the other parties will have been denied a fair trial. It is one of the fundamentals of a fair trial, whether under the Constitution or at common law, standing co-equally with the right to be heard, that a party be apprised of the case which he faces. This is usually spoken of in the criminal context, but it is no less true in the civil. There is little point in granting a person a hearing if he does not know how he is concerned, what case he has to meet. One of the numerous manifestations of the fundamental principle is the subrule that he who relies on a particular section of a statute must either state the number of the section and the statute, or fomulate his case sufficiently clearly so as to indicate*

*what he is relying on:* ***Yannakou v Apollo Club*** *1974 (1) SA 614 (A) at 623G. As the proposition itself indicates there is no magic in naming numbers. The significance is that the other party should be told what he is facing.*

*Another manifestation of the general principle is to be found in the decision in* ***Administrator, Transvaal, and Others v Thletsane and Others*** *1991 (2) SA 192 (A) at 195-7. The case that the respondent sought to make on appeal was not squarely raised in his founding affidavit. That lacking, he tried to piece that case together out of statements in the appellant's answering affidavit. The attempt failed, because of the unfairness of possibly taking out of context statements which the appelant had made in reply to what he thought he faced and in ignorance of the case only later laid at his door. Although the emphasis was on the applicant's having to set out the facts on which he relied, so that the respondent might respond with any facts at his disposal; when the decision was followed in* ***Government of the Province of KwaZulu/Natal and Another v Ngwane*** *1996 (4) SA 943 (A), Nienaber JA said (at 949B-C), in my view correctly: 'Had the point been spelt out in the application papers the respondent, duly alerted, could have responded on fact and on law.'"*;

en verder

**Cooper and Others NNO v Syfrets Trust Ltd** 2001 (1) SA 122 te 133 C tot D:-

"*A party whose case had unravelled before a trial court cannot stitch together a new one on appeal if it is not properly covered by the pleadings or was not properly covered in evidence. He cannot in fairness be allowed to advance a case different from the one he presented on paper – be it in the affidavits on motion ... or in the pleadings on trial...*"

[24] Dit het uiteraard die Eerste Respondent te alle tye vrygestaan om homself op hierdie Artikel te beroep indien hy van mening was dat hierdie prosedure tot voordeel van die Tweede Respondent sou strek. Dit kon hy doen by wyse van

'n teenaansoek. In sodanige geval sou alle tersaaklike inligting en getuienis voor die Hof geplaas kon word ten einde die Hof in 'n posisie te plaas om sy diskresie uit te oefen óf kragtens Artikel 36(1)(d) óf Artikel 68 (d) van die Wet. Vergelyk **De Franca v Exhaust Pro CC** 1997 (3) SA 878 (SECLD) en **Kanakia v Ritzshelf (supra)**.

Die Eerste Respondent het egter verkies om nie 'n sodanige teenaansoek te bring nie. Daarenteen was die Applikant geregtig om hierdie Hof te nader vir 'n bevel onder Artikel 68(d) van die Wet, en, indien hy hom van die bewyslas daarkragtens gekwyt het, is hy geregtig op die aangevraagde regshulp.

[25] Laastens kom dit my voor dat die Eerste Respondent homself in die voet geskiet het met hierdie argument. In soverre hy te kenne gee dat 'n bevel kragtens Artikel 36(1)(d) van die Wet die aangewese sou wees, gee hy noodwendig toe dat dit "reg en billik" sou wees vir die Hof om 'n bevel daarkragtens te verleen. Dit is moeilik te begrepe dat die inhoudelike betekenis van hierdie begrip in Artikel 36(1)(d) kan verskil van sy betekenis in Artikel 36(d) van die Wet. So gesien wil dit voorkom asof die Eerste Respondent in wese toegee dat dit reg en billik is dat regsverligting aan die Applikant verleen behoort te word. In soverre hy meen dat verligting onder Artikel 36(1)(d) meer voordelig vir die Tweede

Respondent sou wees, het hy net homself te blameer dat 'n oorweging ingevolge laasvermelde Artikel van die Wet nie voor die Hof geplaas is nie.

**KOSTE**

[26] Wat die koste van die aansoek betref, is die partye dit eens dat, indien die Applikant sou slaag, enige koste aan sy kant, koste in die likwidasie behoort te wees.

Adv. Van Niekerk betoog egter dat in sodanige geval alle koste, dit wil sê ook die koste van die opponering van die aansoek, koste in die likwidasie behoort te wees. Hy grond hierdie argument daarop dat die opponering van die aansoek geensins kwaadwillig was nie, en dat die Eerste Respondent op redelike gronde geglo het hy handel in die belang van die Tweede Respondent.

Na my mening behoort Adv. Van Niekerk gelyk gegee te word. Dit kan nie die Eerste Respondent verwyt word dat hy gepoog het om die Tweede Respondent, wat tot dusver geblyk het 'n suksesvolle onderneming te wees, van likwidasie te red nie.

[27] Aangesien ek tot die gevolgtrekking gekom het dat die Applikant geslaag het daarin om te bewys dat dit reg en billik

sal wees dat die Tweede Respondent onder voorlopige likwidasie geplaas word, word die volgende bevel hierin verleen:-

1. **Die Tweede Respondent beslote korporasie word hiermee onder voorlopige likwidasie in die hande van die Meester van hierdie Hof geplaas.**

2. **'n Bevel nisi word uitgereik ingevolge waarvan alle belanghebbendes opgeroep word om by hierdie Hof redes aan te voer op VRYDAG 26 JUNIE 2009 om 10:00 waarom:-**

    2.1 **die Tweede Respondent beslote korporasie nie finaal gelikwideer sal word nie; en**

    2.2 **die koste van die aansoek sowel as die koste van die Eerste Respondent teweeggebring deur die opponering van die aansoek, nie koste in die likwidasie sal wees nie.**

3. **Hierdie bevel moet gepubliseer wod in een uitgawe van die nuusblad "Die Volksblad" en in een uitgawe van die Staatskoerant.**

4. **Betekening van hierdie bevel moet geskied aan die geregistreerde kantoor van die Tweede Respondent, die kantoor van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, Kimberley, sowel as aan alle bekende skuldeisers van die Tweede Respondent.**

HJ Lacock
**REGTER**
27 Mei 2009

| | |
|---|---|
| **Namens Applikant:** | **Adv J.G. van Niekerk SC i.o.v. Engelsman, Magabane Ing.** |
| **Namens Respondente:** | **Adv Grewar, i.o.v. Haarhoffs Ing.** |